## Lees – Week 3

### Johan se wens

Johan is hartseer en knorrig. Hy wens hy was nie so bang nie. Hy wens hy kan soos Sipho wees. Sipho is vir niks bang nie! Hy is die dapperste kind wat Johan ken. Sipho is nie bang vir water nie. Hy spring sommer by die diepkant van die swembad in! Sipho is nie bang vir die hoogste trappe van die klimraam nie. Hy klim sommer soos blits tot bo.

Johan wil nie eers by die vlak kant van die swembad inspring nie. Hy haat dit as sy gesig nat word. Al is dit hoe warm, en al lyk die water hoe lekker, hy sit eerder op die trappie van die swembad. Hy is te bang vir water.

"Kom, Johan, kom swem saam!" nooi Sipho vriendelik. Maar Johan skud net sy kop. Hy is nie lus nie. Hy is te bang hy sink en verdrink.

Hy speel eerder in die sandput as wat hy tot bo teen die klimraam uitklouter. Johan is sommer kwaad vir homself, maar hy kan dit net nie regkry om teen die hoë ystertrappies op te klim nie. Hy is bang hy val. Sy bene word skoon lam van vrees as hy so ver van die grond af is.

Hy is eintlik bly as pouse verby is. In die klas is hy nie benoud en bang nie. Daar voel hy sommer vrolik en bly. Hy kan goed lees en somme doen. Hy ken al die kleure en kan netjies knip en plak.

Hy loer na Sipho. Sipho het 'n frons op sy gesig. Sy hare staan woes as hy kop krap oor wat om te doen. Al Sipho se antwoorde is nie reg nie en hy knip ook nie sy prentjies so mooi uit nie. Nou voel Johan weer beter. Hy kry vir Sipho jammer. "Kom, Sipho, ek sal jou wys hoe."

Hy wys Sipho mooi. Nou lyk Sipho nie meer bekommerd nie. Hy het nie meer so groot frons op sy gesig nie.

"Dankie, Johan, nou verstaan ek beter. Dankie dat jy my gehelp het," sê Sipho verlig. "Wat kan ek nou weer vir jou doen?"

Johan voel eers skaam, maar dan skraap hy sy moed bymekaar. "Ek sal bly wees as jy my leer swem sodat ek nie meer bang sal wees vir water nie. En as jy my sal help om die klimraam te klim. Dan sal die ander my nie meer spot nie."


Sipho lag. "Natuurlik sal ek jou help. Die lewe is sommer lekker as ons mekaar kan help!"



.

## Werkkaart 7.1
## Praat en skryf

**A) Kyk na die prentjie. Sê wat jy alles sien.**
(Look at the picture. Say what you see)




**B) Kan jy nog al jou kleure onthou? Kyk na die prentjie en voltooi die sinne.**

1. Die seun dra 'n ___ trui.
2. Die seun dra 'n ___ broek.
3. Die seun het 'n ___ sambreel.
4. Die seun se serp is ___ .
5. Die seun se stewels is ___ .
6. Die hond is ___ en ___ .

**C) Leer die volgende intensiewe vorme:**
(Learn the intensive forms)

* baie rooi is bloedrooi
* baie geel is goudgeel
* baie wit is spierwit
* baie blou is potblou
* baie groen is grasgroen
* baie swart is pikswart

--- xx ---


R Lues Afr Kwartaal 2 (Week 3 Dag 2 & 3)

## Werkkaart 7.2
## Lees en skryf: 'n Kopkaart

**Lees die inligting stukkie oor sambrele en kyk hoe ons 'n kopkaart daarvan kan maak.**
(Read the piece of information about umbrellas and see how we can make a mind map with the information)

Lank, lank gelede het die mense van Egipte, Griekeland en China al sambrele gebruik. Die eerste sambrele is sowat 4 000 jaar gelede gebruik om mense teen die son te beskerm. Die Chinese het dit reggekry om sambrele waterdig te maak as dit reën. Samuel Fox het in 1868 die eerste sambreel met staalhandvatsels ontwerp.


**A) So kan 'n kopkaart oor die inligting lyk:**





**B) Pas nou die byskrifte by die prente in die kopkaart:**

1. Sambrele is lank gelede in Griekeland gebruik om mense teen die son te beskerm.
2. Die Chinese het die eerste waterdigte sambreel vir die reën gemaak.
3. Samuel Fox het in 1868 die eerste sambreel met staalhandvatsels gemaak.

**C) Maak nou jou eie kopkaart oor die vier seisoene. Jy kan prentjies plak of self teken. Skryf die maande van die jaar ook by. Jy kan die kopkaart hieronder gebruik as 'n raam. Wees kreatief!**
(Now make your own mind map about the four seasons. You can paste pictures, or draw them yourself. Write the months of the year too. You can use the mind map below as a frame. Be creative!)



# Werkkaart 7.3
## Luister, lees en praat: 'n Kaart





**A) Kyk na die kaart. Wys met jou vinger waar elke stad is (Soeklees).**
(Look at the map. Show with your finger where every city is.)

1. Waar is Kaapstad?
2. Waar is Durban?
3. Waar is Johannesburg?
4. Waar is Bloemfontein?
5. Waar is Port Elizabeth?
6. Waar bly jy?

**B) Pas die woorde by die regte simbool.** (Match the word to the correct symbol)

mis reën sonskyn sneeu wind




**C) Beantwoord die vrae in vol sinne.**

1. Wat eet jy as dit koud is?
2. Wat eet jy as dit warm is?
3. Watter klere dra jy as dit koud is?
4. Watter klere dra jy as dit warm is?
5. Wat doen jy as dit reën?
6. Wat doen jy graag as dit warm is?
7. Wat doen jy as die wind waai?
8. Wat doen jy as dit koud is?



# Werkkaart 7.4 (Addisioneel)
## Begripslees: 'Johan se wens'

**A) Beantwoord die vrae in vol sinne.**

1. Wat is die twee maats se name?
2. Hoe voel Johan aan die begin van die storie?
3. Waarvoor is Sipho bang?
4. Noem twee dinge wat Sipho goed kan doen. Noem twee dinge wat Johan goed kan doen.
5. Hoe voel Johan as hy in die klas is?
6. Wanneer is die lewe lekker?

**B) Skryf die sinne in die regte volgorde soos wat dit in die storie gebeur:**

* Hy wys Sipho mooi.
* Johan wil nie eers by die vlak kant van die swembad inspring nie.
* Hy wens hy kan soos Sipho wees.
* Natuurlik sal ek jou help.
* Hy het nie so 'n groot frons op sy gesig nie.



--- xx ---

## Lees – Week 4

### Dina se hart is seer

Dina se hart is seer. Dis môre haar verjaarsdag. Maar sy gaan nie 'n partytjie kry nie. Haar mamma werk vreeslik hard en sy is baie moeg as sy in die aande by die huis kom. Dan moet sy kos maak en skottelgoed was. Sy het nie tyd om 'n koek te bak nie. Dina kry Mamma baie jammer omdat sy so hard moet werk, maar ag, sy wou darem baie graag 'n lekker verjaarsdaagkoek gehad het. Een met kersies op. Dis die eerste keer dat sy by die skool verjaar en sy sou graag 'n koek vir haar maatjies wou vat.

Sy gaan slaap met 'n swaar hart. Sy sal môre tjoepstil bly. Niemand moet weet sy verjaar nie.

Die nag droom sy die lekkerste droom. Sy droom Mamma bak vir haar 'n verjaarsdagkoek. In haar droom sien sy hoe Mamma die meel en suiker afmeet. Sy sien hoe Mamma die eiers uit die yskas haal en sy hoor hoe sy die eiers teen die rand van die bak breek, en dan by die meel gooi. In haar droom hoor sy die lepel teen die bak klop soos Mamma roer. In haar droom voel sy hoe sy haar vinger skelmpies in die deeg druk om te proe. Sy proe die sagte, soet deeg op haar tong. In haar droom sien sy hoe Mamma die deeg in die pan gooi en ruik sy die lekker geur van sjokoladekoek. Wat 'n lekker droom!!!

Mamma maak haar met 'n beker lekker warm, soet koffie wakker. Sy kry 'n groot druk en 'n soen. Langs haar bed sien sy 'n klein pakkie. Sy voel aan die pakkie, maar kan glad nie raai wat binne-in is nie. Dina kan nie meer wag nie, en ruk die geskenkpapier af.

Dis 'n pragtige pop! 'n Pop watse oë oop en toe kan gaan. Sy voel die poppie se sagte hare en koel lyfie. Sy ruik soos die winkel, sy ruik so nuut! Dina begin sommer dadelik met haar pop speel. Sy speel so lekker dat sy nie eers hoor toe Mamma haar roep om te kom eet nie. Mamma moet haar en haar nuwe pop in die kamer gaan haal om te eet.

Sy kan haar oë nie glo toe sy in die kombuis kom nie. Wat sien sy daar? Daar staan 'n pragtige, groot sjokoladekoek op die tafel! Daar is tien kersies op die koek.

Sy het nie gedroom nie! Mamma het deur die nag vir haar 'n koek gebak! Mamma het in die middel van die nag opgestaan om die koek te bak. Sy gee vir Mamma 'n stywe drukkie. Wat 'n liewe Mamma!

Vandag gaan hulle lekker verjaarsdagpartytjie hou in die klas!



.

# Werkkaart 7.5
# Pret met taal

**A) Voltooi die sinne met die regte voegwoorde. Kies uit die woorde in pienk.**
(Complete the sentence with the correct conjuctions. Choose from the words in pink)

maar omdat want as

1. Ek eet 'n roomys __ dit warm is.
2. Ek dra 'n trui __ dit koud is.
3. Ek dra 'n trui __ dit koud is.
3. Dit reën __ ons gaan tog sokker oefen.

**B) Kies die korrekte woord tussen hakkies (trappe van vergelyking).**
(Choose the correct word between brackets (degrees of comparison).

1. Dit is (**warmer / warmste**) in Durban as in Kaapstad.
2. Sutherland is die (**kouer / koudste**) dorp in Suid-Afrika.
3. Dit reën baie. Dit reën baie. Dit reën (**meer / meeste**) in die nag as in die dag. Dit reën die meeste in die nag.

**C) Lees die volgende sinne. Woorde wat meer oor die sin vertel noem ons bywoorde.**
**Ons kry bywoorde van tyd – wanneer? bywoorde van wyse – hoe? bywoorde van plek – waar?**
(Read the following sentences. Words that tell us more about the sentence, we call 'bywoorde'. We get three types of bywoorde: **time – when? manner – how? place – where?**)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Voorbeeld:** Môre gaan ons vinnig see toe. | | Tomorrow we are quickly going to the sea. | |
| **tyd:** | **môre** | **time:** | **tomorrow** |
| wyse: | vinnig | manner: | quickly |
| plek: | see toe | place: | to the sea |

**Doen nou die volgende sinne soos die voorbeeld.** (Do the following sentences as the example)

1. Vandag speel ons lekker binne.
2. Gister het dit hard gereën.
3. Vanoggend skyn die son vuurwarm op die gras.

## Pretlees: 'n Gediggie

**Kyk of jy die gediggie kan leer en onthou!** (See if you can learn and remember the rhyme)

### Winterrympie

Tip, tap, water spat!
Reëndruppels op die pad.
Tip, tap, water spat!
Alles sommer gou-gou nat.
Die kinders wil graag buite speel,
maar dit reën net heeltemal te veel.
Tip, tap, water spat!
Speel speletjies binne op die mat.
In die kaggel brand die vuur
en die reën bly val, uur na uur.

# Werkkaart 7.6
## Hersiening: Wat ken jy nou?

**A) Gee die korrekte vorm van die byvoeglike voornaamwoord tussen hakies.**
(Give the correct form of the adjective between brackets)

1. Hy dra 'n (lank / lang) jas.
2. Hy het (nuut / nuwe) stewels aan.
3. Dit is 'n (koud / koue) wintersdag.
4. Daar val (sag / sagte) reën in die Kaap.

**B) Kies die korrekte byvoeglike voornaamwoord tussen hakies (trappe van vergelyking).**
(Choose the correct adjective between brackets (degrees of comparison) ).

1. In die nag is dit (koud / kouer / koudste) as in die dag.
2. Dit is (warm / warmer / warmste) binne as buite.
3. Dit is die (warm / warmer / warmste) in die huis.

**C) Skryf die vraag vir die volgende antwoorde. Kies die regte groen woord.**
(Write the question for the answer. Choose the correct green word).

Wat ? Waar ? Wanneer?

1. Dit reën in die Kaap.
2. In die oggend is dit mistig.
3. Ek trek stewels aan.
4. Ek slaap warm in die aand.



---xx---

## Werkkaart 7.7
## Skryftyd

**Kies enige 10 nuwe woorde wat jy in hierdie tema geleer het. Maak jou eie sinne met elke woord. Elke sin moet 6 – 8 woorde in hê. Dis maklik, jy is mos slim!**

(Choose any 10 new words that you have learnt in this theme. Make your own sentences with each word. Each sentence must have 6 – 8 word in. It's easy, you are clever!)

--- xx ---



**As al jou werk gedoen is, kan jy vandag bietjie rus !**

(If all your work is done, you can take a break today !)



---xx---



## Werkkaart 7.8 (Addisioneel)
## Begripslees: 'Dina is hartseer'

**Skryf 'n paragraaf oor die storie 'Dina is hartseer.' Sê in jou eie woorde waaroor die storie gaan.**
(Write a paragraph about the story 'Dina is hartseer.' Say in your own words what the story is about.

---xx---